# Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 09 van 2022

## 27 Februarie 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

# Dwaasheid is in die dorp. Wysheid ook!!

Wysheid bestaan van ewig af, van lank voor die skepping af (Spreuke 8:22-31). Wysheid is deur God geskep nog voordat die aarde of enigiets anders bestaan het (8:22). Toe die Here die wêreld met sorg en liefde aanmekaar gesit het, was Wysheid reeds op die toneel. Wysheid, wat in Spreuke 8 as 'n vrou voorgestel word, se grootste vreugde toe al was om al die mooi dinge te beleef wat die Here gemaak het (8:31). Wysheid is deel van wie God is. Dit is nie net 'n klompie spreuke wat mense op Facebook of Instagram plaas nie. Of iets wat sommige gelowiges nou en dan uitleef nie. Wysheid is ewig.

Dit is nie net wysheid wat in Spreuke 8-9 as 'n vrou voorgestel word nie. Dwaasheid word ook so uitgebeeld. Dwaasheid bestaan egter nie van voor die skepping af nie. Sy is tydelik. Sy is hier en nou se moeilikheid. Spreuke 9 sê Dwaasheid se woonplek is in die regte lewe, net soos dié van Wysheid. Hulle albei bly hier tussen ons. Hulle het ingetrek in die buurt. Wysheid en Dwaasheid het huise in die middel van die stad. Nee, Wysheid bly nie doer eenkant op die kerk se terrein terwyl die res van die wêreld Dwaasheid se speelpark is nie. Spreuke maak geen onderskeid tussen sulke godsdienstige spasies en ander spasies nie.

In die gewone lewe van elke dag is Wysheid en Dwaasheid aktief. Spreuke 2:9-22 sê dat as jy elke dag vir wysheid kies, dan sal jy die regte insig kry. Jy sal weet wat is reg en wat is verkeerd. Jy sal ook ervaar hoe die Here jou beskerm. Jy sal op sy pad leef. Jy sal weet wat om te sê, en wat nie. Jy sal sonde vermy en 'n lewe leef wat die hemele laat hande klap van blydskap. Jy sal die teenwoordigheid geniet van die Allerhoogste.

*deur Stephan Joubert*

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-volle herstel
*Bid vir mense wat COVID-19 het
*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
*Bid vir Johan Kotze vir volle genesing
*Bid vir Tannie Marinda Jordaan vir volle genesing
*Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
*Bid vir Carina Haasbroek vir volle genesing-sy het kanker
*Bid vir Nadeleen Deguay bid sy is baie siek
*Bid vir Lettie Koekemoer vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Dezi Stinton vir volle genesing
*Bid vir Jaap Naudé vir volle genesing
*Bid vir Hanna Pienaar-sy het kanker vir volle genesing
*Bid vir Christa de Swart vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Anton Castelyn vir volle genesing
*Bid vir Redge Ellerbeck vir volle genesing
*Bid vir Simon de Beer vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Nollie Pretorius vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Hester Weldhagen vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Christa Cloete vir volle herstel
*Bid vir Johanna Stapleton vir volle genesing
*Bid vir Willem Stapleton vir volle genesing

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

**Wat is gebed?**
Lees Luk 11:1-8

***GOD wil hê dat ons HOM moet aanbid. Dit beteken dat:***

- Ons HOM moet prys –Ps 29:1-2
- Ons danbaarheid moet bewys – 1 Tess 5:17-18
- Ons gemeenskap met HOM moet beoefen –Ps 145:18
- Ons met HOM kan praat –Eks 33:9
- Ons dank aan die HERE moet gee –Op 5:8-9

***Volgende week kyk ons verder wat gebed vir ons doen…***

**Deuteronomium 31:6**
Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die HERE julle GOD gaan saam met julle. HY sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.

## Onthou om te onthou . . .

***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.